Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 12. Kaapstad, 26 November 1952. Prys 3d. Nr. 2.

# SIT WEER HAND OM DIE NEK MET ROOI DIKTATOR

**Maarskalk Tito, kommunistiese diktator van Joego-Slawië, wat oënskynlik in kwaaivriendskap met Stalin en sy Kominform lewe, is deur die Britse regering uitgenooi om 'n welwillendheidsbesoek aan Engeland af te lê. Hy het dit aangeneem. 'n Paar maande gelede het die Britse minister van buitelandse sake, Anthony Eden, by Tito gaan kuier. Hy het die besoek baie geniet. Brittanje is blykbaar op pad om net so op hol met „premier Tito" te gaan as wat hy tydens die oorlogsjare en onmiddellik daarna met „premier Stalin" was. Daardie kommunistiese vriendskap kos die wêreld vandag biljoene ponde aan bewapening.**

**Dit is duidelik dat Brittanje se politici nog nie hul les geleer het nie. Hulle maak hulle weer klaar om die duiwel met Beëlsebub uit te dryf en „premier Tito" sal aan die verslaafde Europese volke weer as net so 'n held en bevryder voorgehou word as „premier Stalin", om daarna weer die uitdager in Wêreldoorlog Vier te word.**

In plaas van dat die Britse politici liewer stappe doen om die anti-kommunistiese elemente in Europa tot 'n bondgenootskap saam te smee, verkies hulle om maats te maak met kommuniste van wie dit nie eens honderd persent seker is dat hul vyandskap teen Stalin eg is nie. **Vir die twyfelagtige — en in ieder geval gevaarlike — bondgenootskap van Tito verwerp die Britte die bondgenootskap van nasionalistiese Spanje.**

### ONTMOEDIGEND

Die belangrikste gevolg van hierdie vryery met 'n tweede kommunistiese diktator is dat die anti-kommunistiese elemente agter die Ystergordyn geheel en al ontmoedig word en hul deel aan 'n stryd teen Moskou agterweë sal laat as hulle maar die een duiwel vir 'n ander moet verruil. In die Britse hoërhuis het 'n Roomse lord juis die opmerking gemaak dat die regering Tito moet versoek om groter verdraagsaamheid teenoor sy kerk te openbaar voor sy besoek.

### SAL MOET VEG

Die Westerse volke het geen rede om na Tito te vry nie. Indien sy breuk met Moskou eg is, sal hy dit nie kan waag om neutraal te bly in 'n oorlog waarin Stalin klaarblyklik die hele Europa sal beset nie. Daar sal dan met hom as verraaier afgereken word voordat die Weste 'n teenaanval vanaf Joego-Slawiese grondgebied van stapel kan stuur. **Met ander woorde, hy sal in elk geval verplig wees om teen Moskou te veg sonder dat van hom 'n Christen-held gemaak word soos indertyd van Stalin.**

**Indien sy breuk met Moskou nie eg is nie, is enige bondgenootskap met Tito niks anders nie as 'n aaklige lokval.**

## Atoommasjien Kan Allig Iets Nuut Voortbring

**Daar sal in Switserland 'n masjien gebou word wat die wêreld se magtigste atoomsplitser sal wees. Die masjien mag selfs die eeuoue droom van wetenskaplikes verwesenlik — om nuwe materie te skep (uit die vrygelate energie van die atoom).**

**Tien nasies — Wes-Duitsland, Swede, Frankryk, Italië, Noorweë, Denemarke, België, Holland, Joego-Slawië en Switserland — het 'n internasionale liggaam vir atoomnavorsing gestig, met laboratoriums naby Genève in Switserland. Daar sal die magtige atoomsplitser gebou word.**

**Die wetenskaplikes weet glad nie wat die masjien sal voortbring wanneer hy die atoom stukkender skiet as wat dusver gedoen kan word nie. Die energie wat op hierdie wyse uit die atoom vrygelaat word kan selfs 'n nuwe materie skep — selfs iets wat tot dusver nog nooit op die aarde bestaan het nie.**

## *Nog 'n Uitspraak Teen Regering*

**Die regering het nog 'n hofsaak in verband met apartheid verloor toe twee van die drie regters verlede week die regering se appèl teen 'n uitspraak van 'n magistraat in Kaapstad verwerp het.**

Die magistraat het bevind dat 'n naturel wat in die blankes se wagkamer gaan sit het, nie strafbaar kan wees nie omdat daar nie gelyke geriewe in die opsig beskikbaar gestel is nie.

Die regering het aangevoer dat 'n wetsamendement van 1949 die Spoorweë wel die reg verleen om plekke vir verskillende rasse af te sonder selfs al kom dit neer op ongelyke behandeling. Regters De Villiers en Herbstein het saamgestem dat dit nie die bedoeling van die wet kon gewees het om een deel van die bevolking onregverdiger te behandel as die ander nie.

Regter Hall het die regering gelyk gegee en gesê dat hy die wetsamendement beskou as 'n magtiging aan die spoorwegadministrasie om die wydste diskriminasie toe te pas. Die regering het hom nou op die Appèlhof beroep.

# OOGGETUIES GEE BESKRYWING VAN WATERSTOFBOM

**Hoewel die Amerikaanse atoomhoofde nie uit-en-uit wil erken dat die eerste waterstofatoombom 'n paar weke gelede in die Stille Oseaan beproef is nie, skyn nie-amptelike inligting daarop te dui dat dit wel die geval was. Amptelik is net te kenne gegee dat 'n reeks proefnemings met atoomwapens plaasgevind het „met inbegrip van proefnemings wat betrekking het op navorsing na die waterstofbom." Dit is as geslaag beskrywe.**

**Maar voor hierdie aankondiging het briewe Amerikaanse burgers van soldate bereik wat by die proefnemings teenwoordig was waarin realistiese beskrywings gegee word van die ontploffing. Die feit dat die owerheid dissiplinêre stappe aangekondig het teen die briefskrywers dui daarop dat dit hier wel gaan om juiste weergawes. Een van die briewe het die volgende beskrywing van die ontploffing gegee soos dit op 'n afstand van nagenoeg veertig myl waargeneem is:**

„Vroeg vanogggend het ons op die dek gestaan en in die rigting van die eiland (Eniwetok) gekyk, wat ons nie kon sien nie. Elkeen teenwoordig het met gespanne aandag geluister hoe die luidspreker die minute aangekondig het, toe die sekonde, vier, drie, twee, **deur die donkerbril, waarvan die glase so swart was dat mens absoluut niks daardeur kon sien nie, 'n groot oranjekleurige bal uit niks te voorskyn gekom, wat groter en helderder geword het totdat dit gelyk het of ons geen donkerbrille opgehad het nie. 'n Intense warmte het ons feitlik onmiddellik getref, en die vuurbal het begin opstyg en geleidelik sy intensiteit verloor.** Ons het ons brille afgehaal en gemerk dat waterdamp skielik besig was om rondom die suil te vorm.

### ATOOMBOM VERDWERG

„Toe het dit binne in die basis van die suil opgegaan en die lug verhelder sodat mens ontelbare tonne water die lug in kon sien voortsnel — al langs die suil, op, aangetrek deur daardie geweldige onwaarneembare krag. Die suil het op en op gestyg en uiteindelik soos 'n paddastoel uitgestrek.

„Omtrent drie minute later het die ontploffingslag soos 'n nabye kanonskoot ons getref, gevolg deur dowwe dreunings vir etlike sekondes.

„Daarna het die paddastoel ontplooi tot 'n wye stralekrans wat met die snelheid van 'n tornado gegroei het totdat dit byna oor ons skip gereik het voordat dit tot stilstand gekom het. Toe het dit voorgekom asof hy weer met die hoofsuil verbind is deur 'n spinnerak van wasige damp.

„Die opmerking van die ervare manne was: ‚Liewe land, dit maak beslis van die atoombom 'n bakatel.' "

### EILAND TOT NIET

**'n Ander ooggetuie het gemeld dat 15 minute nadat die ontploffing plaasgevind het, die eiland waarop die bom geplaas was, in helder rooi vlamme opgegaan het. Binne ses uur het die eiland, wat eenmaal begroei was met palms en klapperbome, uitgebrand tot niks. „'n Eiland van 'n myl wyd het inderdaad verdwyn."**

Intussen word daar gegis oor die krag van die waterstofbom. **Dit wissel van tien tot duisend maal sterker as die atoombom.**

Wetenskaplikes verklaar dat die reaksie by die waterstofbom presies dieselfde is as wat in die son plaasvind: energie word vrygestel deur die samesmelting van vier waterstofatome tot een helium-atoom. **Hierdie samevoeging kan slegs plaasvind wanneer die hitte 20 miljoen grade Celsius is. Hierdie hittegraad word verwek wanneer 'n atoombom ontplof, en daarom word laasgenoemde gebruik as die afsitter van die waterstofbom. Daar vind dus eintlik 'n dubbele ontploffing plaas, eers 'n gewone atoombom en dan die waterstofbom.**

## *NUWE PARTYE AANGEKONDIG*

Twee nuwe partye is die afgelope weke aangekondig. In Transvaal het mnr. H. M. du Plessis, 'n boer in die omgewing van Vereeniging, aangekondig dat 'n Republikeinse Party tot stand gekom het wat by die volgende verkiesing 40 setels sal beveg.

In Natal het mnr. Stuart Helps, 'n geharde Empire-man, 'n Federale Party gestig met die doel om Natal uit die Unie te laat afstig.

Goeie Nuus vir Republikeine!!!

EINDELIK

Ons Eie Blad

DIE REPUBLIKEIN

Verskyn weekliks vanaf 14 Jan. 1953

- **Die blad is heeltemal onafhanklik. Sy enigste doel is die bevordering van die republikeinse strewe van ons volk.**
- **Republikeine, dit is U blad. Teken daarop in en werf u vriende om dieselfde te doen.**
- **Moenie versuim nie. Pos vandag nog hierdie**

INTEKENVORM

**Die Sekretaris, DIE REPUBLIKEIN,**
**Posbus 1411, KAAPSTAD.**

Beskou my asseblief as gereelde intekenaar op **Die Republikein.**

Ek sluit ............................ in vir ............ maande

Naam ....................................................

Adres ....................................................

..........................................................

Handtekening ............................................

Intekengeld: 15/- per jaar; 7/6 per halfjaar.

DIE O.B., WOENSDAG, 26 NOVEMBER 1952

# EENSTEMMIGHEID

Mnr. J. G. N. Strauss, leier van die Verenigde Party, het verlede week sy party se naturellebeleid in Bloemfontein uiteengesit. **Dit gaan moeilik om vas te stel in hoever dit nou eintlik van die Nasionale Party se beleid verskil — selfs laasgenoemde se pers erken die groot ooreenkoms, hoewel hulle dit maar net as „papierbeleid" opsy wil skuif.**

**Die tydsgewrig waarin ons ons tans bevind is egter veels te gevaarlik om enige blyke van meningsooreenkoms tussen blankes sonder behoorlike toetsing weg te redeneer.**

Laat ons kortliks die punte van adv. Strauss se beleid opnoem:

1. Die naturellereservate moet vergroot en ontwikkel word sodat dit die nasionale en kulturele tuiste van die naturel kan wees, en die stroom na die blanke gebied beperk kan word.

Origens moet naturelle-arbeid beskikbaar wees in die blanke gebied waar nodig.

2. Geen bloedvermenging; volledige maatskaplike apartheid en afsonderlike naturellewoonbuurtes.

3. Handhawing van die Hertzog-wetgewing van 1936 ten opsigte van politieke regte vir die naturelle.

Nå die aankondiging van dr. Malan verlede jaar dat sy party hom nie vereenselwig met die ideaal van algehele of territoriale apartheid nie, soos deur die kerklike kongres aangeneem, is daar inderdaad geen verskil tussen die twee partye se naturellebeleide soos amptelik van weerskante aangekondig nie. Dieselfde geld ten opsigte van die Asiate. **Adv. Strauss verkondig repatriasie van die Indiërs as enigste oplossing, en verklaar voorts dat die vraagstuk van politieke regte aan die Indiërs hipoteties geword het weens die Indiërs se aanhoudende beroep op 'n vreemde moondheid!**

Daar bly nog net die kwessie van **Kleurlingstemreg** oor — vir die Kleurlinge begeer adv. Strauss ook afsonderlike woonbuurtes soos in die geval van die ander twee rasse. En hierby is dit goed om in gedagte te hou dat die Kleurlingstemme baie nou saamhang met die wen of verloor van 'n halfdosyn parlementêre setels, en as ons voorts rekening daarmee hou dat politieke partye die behoud of verlies van setels so hoog aanslaan dat belangrike beginsels en ideale — soos byvoorbeeld die republikeinse ideaal — dikwels deur hulle verloën word terwille van die wen van setels, kan mens gerus hier ook maar 'n oordeel agterweë hou.

**Maar selfs al sou daar 'n wesenlike meningsverskil op hierdie punt tussen die partye bestaan, skyn gesonde staatsmanskap tog seker te vereis dat mens nie moet begin waar daar verskille is nie, maar waar daar ooreenkoms is. Op twee uit die drie aspekte van ons kleurvraagstuk — dié ten opsigte van naturelle en Indiërs — is daar nou volkome eenstemmigheid. As mens onthou wat op die oomblik in Kenia gebeur en in ons eie stede, rus daar 'n baie groot verantwoordelikheid op politici wat 'n verkiesing wil veg teen mekaar oor beleid wat so eenders is dat die een die ander se beleid moet vervals ten einde aan die kiesers 'n verskil te kan aandui.**

**Die oomblik het beslis aangebreek dat die kleurvraagstuk uit die partypolitiek gelig moet word. Miskien sal ons dan nog groter ooreenkoms tussen blankes ontdek, want as die „amptelike Opposisie" nie eens meer kans sien om te verskil nie, hoe groot moet die eenheid dan inderdaad wees!**

# KOMMUNIS-WEES IS GEWAAGDE WERK

**Om vir die kommunisme te werk is min of meer iets soortgelyks as die man in die ou Christenverhale wat sy siel aan die duiwel verkoop vir kortstondige rykdom en eer: Die likwideringswaard hang soos 'n gewisse vergelding bokant sy kop. Dit het die een kommunistiese leier na die ander agter die Ystergordyn reeds uitgevind.**

Een van die groot kommunistiese base van die satellietlande was Clementis, minister van buitelandse sake van Tsjeggo-Slowakye, na die einde van die oorlog. Verlede week het Clementis saam met twaalf ander politici in Praag verskyn op aanklag van spioenasie en „Titoïsme en Trotskyisme".

Met al die afwykende kommunistiese strominge word dit heeltemal 'n gevaarlike spel na die een of die ander kant om vandag kommunis te wees. Terwyl Clementis in Praag op verhoor gewag het, weens „Titoïsme", het 'n ander gesiene kommunis in Belgrado in oneer verval weens „Kominformisme" (aanhanger van Stalin se soort kommunisme). Hoe maklik hierdie ongeskrewe en onbepaalde wet van afwykendheid oortree kan word, blyk uit laasgenoemde geval.

**SEDELIKHEID**

Terwyl die Joego-Slawiese Kommunistiese Party van Tito in kongressitting was, het die sekretaris-generaal, Ljubodrag Djuric sy kamerade die les gelees oor sedelike gedrag. **Maar Djuric het dit eintlik bedoel as 'n onregstreekse teregwysing aan „kameraad Petar Stambolic, premier van Serbië, met wie hy 'n appeltjie te skil gehad het oor sy vrou. Sy valse beskuldigings aan die adres van die kongres in die algemeen was te veel vir sommige afgevaardigdes en hulle het tussenwerpsels begin maak. Dit het Djuric opgewonde laat uitroep: „Aangesien julle my nie wil toelaat om voort te gaan nie, beskuldig ek nou vir kameraad Petar Stambolic dat hy my vrou gesteel het!"**

Die kongres was verstom en kameraad Petar het versteend op die verhoog gesit. Toe gryp Tito in. Hy beloof 'n deeglike ondersoek na die beskuldigings, maar hy glo dat die ondersoek wel sal aantoon dat kameraad Djuric 'n Kominform-agent is.

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**En so was dit. Voor verdaging van die kongres is kameraad Djuric formeel aangekla van afwyking en uit die party geskop.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Ministers se Reise*

Mnr. A. J. Malan van Platsak, Wellington skryf aan my om te vra hoeveel oorsese reise die Verenigde Party se ministers onderneem het gedurende die laaste vyf jaar van die Smuts-bewind; waarheen hulle gereis het; en hoeveel dit die land gekos het. Voorts verlang my leser dieselfde informasie oor die reise van die Nasionale Party se ministers gedurende die eerste vyf jaar van die Malan-bewind.

Ten aansien van die Nasionale Party is die gevraagde gegewens slegs beskikbaar vir die jare 1949, 1950 en 1951. Vir doeleindes van vergelyking verstrek ek die gegewens ten aansien van die Verenigde Party vir die jare 1945, 1946 en 1947.

Gedurende die betrokke jare het die Verenigde Party-ministers sewentien reise onderneem teen 'n totale koste van £107,947; en die Nasionale Party se ministers het een-en-twintig reise onderneem teen 'n totale koste van £95,587. (Hierdie totaal is verkry deur die koste van die Minister van Binnelandse sake se besoek aan Parys in 1951 om die sesde sitting van die V.V.O. by te woon te beraam slegs op £11,000 — wat 'n baie konserwatiewe beraming is).

### *Duurste Reise*

Aan Verenigde Party-kant is die grootste koste verbonde aan een enkele besoek aangegaan in 1947 deur die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling en Mynwese wat die Internasionale Handelskonferensie in Genève gaan bywoon het. Die besoek het £33,724 gekos. Hy was vergesel van sy privaat sekretaris; die voorsitter, 'n lid en die tegniese adviseur van die Raad van Handel en Nywerheid; die hoof en drie beamptes van die Afdeling Ekonomie en Markte; twee snelskriftiksters; die sekretaris en senior klerk van die Departement van Finansies; die statistikus en senior klerk van die Departement van Doeane en Aksyns; 'n professor van die Witwatersrandse Universiteit; die bestuurder van die K.W.V.; die voorsitter van die Sitrusraad en die direkteur van die Verenigde Kamer van Nywerhede.

Aan Nasionale Party-kant is die grootste koste verbonde aan een enkele besoek aangegaan in 1949 deur die Eerste Minister wat die Empire-konferensie van Eerste Ministers in Londen gaan bywoon het. Die besoek het £20,048 gekos. Hy was vergesel van sy vrou; twee privaat sekretarisse; 'n regsadviseur; die redakteur van Die Volksblad; die redakteur van Die Burger; en die sekretaris van Buitelandse Sake.

### *Vrouens gaan saam*

Dit blyk ook dat die Verenigde Party se ministers dit makliker gevind het om hulle vrouens by die huis te laat as die Nasionale Party se ministers. Slegs op drie van die sewentien reise het die vrouens van die V.P.-ministers hul mans vergesel. Maar op tien van die een-en-twintig reise van die N.P.-ministers het hul vrouens saamgegaan. Dit blyk voorts dat die V.P.-ministers dit nodig gevind het om ongeveer tien persent meer amptenare met hulle saam te neem op hul reise as die N.P.-ministers. Onder die V.P. het die reël blykbaar gegeld dat minder vrouens en meer amptenare saamgaan. Onder die N.P. was dit net andersom.

Hier volg nou die besonderhede van die reise:

### *Vyf Reise in 1945*

In 1945 het genl. Smuts besoek afgelê aan Brittanje en die V.S.A., insake voorbereiding V.V.O.-Handves teen 'n koste van £8,830; die Minister van Finansies aan Brittanje, om algemene finansiële sake te bespreek, teen 'n koste van £696; die Minister van Pos- en Telegraafwese aan Brittanje om die Empire se „Tele-Communications Conference" by te woon, teen 'n koste van £2,293; die Minister van Vervoer aan Lourenco Marques op 'n hoflikheidsbesoek teen 'n koste van £42; die Minister van Vervoer aan Kaïro, Rome, Venesië en Athene op Welwillendheidsbesoek teen 'n koste van £127.

Die V.P.-ministers het derhalwe in 1945 vyf reise onderneem teen 'n koste van £11,988. Een van die reise was na 'n Empire-konferensie en 'n ander het in verband gestaan met die pasafgelope oorlog.

### *Ses Reise in 1949*

In 1949 het dr. Malan besoek afgelê aan Brittanje om die Empire-konferensie van Eerste Ministers by te woon, teen 'n koste van £20,048; die Minister van Finansies aan Brittanje, Frankryk en V.S.A. om finansiële sake te bespreek teen 'n koste van £10,303; die Minister van Ekonomiese Sake aan die V.S.A. om die V.V.O.-vergadering by te woon teen 'n koste van £2,830; die Minister van Ekonomiese Sake na die Belgiese Kongo om die nywerheidskou in Elizabethville te open en na Kanada op 'n welwillendheidsbesoek teen 'n gesamentlike koste van £1,530; die Minister van Verdediging op 'n geheime besoek aan Brittanje, Europa en Amerika teen 'n koste van £9,475.

Die N.P.-ministers het derhalwe in 1949 ses reise onderneem teen 'n koste van £44,186. Een reis was na 'n Empire-konferensie en 'n ander was 'n geheime militêre sending.

### *Vier Reise in 1946*

In 1946 het genl. Smuts besoek afgelê aan Brittanje en die V.S.A. om 'n V.V.O.-vergadering by te woon teen 'n koste van £11,207; die Eerste Minister aan Brittanje en Frankryk insake die vredeskonferensie teen 'n koste van £8,797; die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling aan Brittanje en Europa om handel te bevorder teen 'n koste van £4,634; die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling na Brittanje insake voedsel teen 'n koste van £1,123.

In 1946 het die V.P.-ministers derhalwe vier reise onderneem teen 'n totale koste van £25,761. Een was 'n spesiale reis wat vereis is deur die pasafgelope oorlog.

### *Agt Reise in 1950*

In 1950 het die Minister van Verdediging Brittanje, Europa en die V.S.A. besoek op nog 'n geheime militêre sending teen 'n koste van £4,490; die Minister van Finansies aan Brittanje om finansiële samesprekings te voer teen 'n koste van £1,070; die Minister van Naturellesake na Suid-Rhodesië teen £213; die Minister van Vervoer na Madagaskar op 'n welwillendheidsbesoek teen £2,488; die Minister van Vervoer na Ceylon om die Britse Empire-konferensie van buitelandse ministers by te woon teen 'n koste van £1,641; die Minister van Ekonomiese sake na Brittanje en Europa vir samesprekings met die Britse regering teen 'n koste van £3,056; die Minister van Binnelandse sake na die V.S.A. om die vergadering van die V.V.O. by te woon en na Brittanje om die Empire se konferensie van Eerste Ministers by te woon teen 'n koste van £11,910.

In 1950 het die N.P.-ministers derhalwe agt reise onderneem teen 'n koste van £24,868. Een reis was weer 'n geheime militêre sending en twee reise was weer na Empire-konferensies.

### *Duurste Reisjaar*

In 1947 het die Eerste Minister (genl. Smuts) na Brittanje gegaan om die huwelik van Prinses Elizabeth by te woon teen 'n koste van £111; die Eerste Minister na Belgiese Kongo op 'n hoflikheidsbesoek teen 'n koste van £2; die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling na Brittanje en Switserland om die Internasionale Handelskonferensie in Genève by te woon teen 'n koste van £33,724; die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling na Brittanje en V.S.A. en Kuba om die Internasionale Handelskonferensie in Havana by te woon teen 'n koste van £15,667; die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling na Brittanje en Europa vir han-

(Vervolg op bl. 3 kolom 2)

**BRAAIVLEISFUNKSIE**

sal gehou word op die plaas

**EIKENDAL**

**(van mnr. Sarel Maree) by**

**BRACKENFEL**

**op**

**SATERDAG, 6 DESEMBER 1952**

**vanaf 4-uur nm.**

Van Kaapstad af lê die plaas aan die linkerkant, langs die Nasionale Pad, ongeveer twee myl van die brug oor die Nasionale Pad by Bellville.

**LEDE VAN OMLIGGENDE KOMMANDO'S WORD HARTLIK UITGENOOI NA DIE FUNKSIE!**

***ALMAL IS WELKOM!***

# Pluk Vrugte Van Politieke Twis

**Die opstuwende gety onder die gekleurde rasse moes ons maar net verwag het. Die dwaasheid word hier gewreek aan sy kinders. Dit is die oordeel wat Die Kerkbode uitspreek oor die binnelandse politieke stryd in sy uitgawe van 19 November. Die blad handel oor die aaneenskakeling van oproerige gebeurtenisse in Afrika, en skryf onder meer: „Wat ons eie land betref, moes ons hierdie dinge maar net verwag. Die opstuwende gety onder die gekeurde rasse moes hom op een of ander tyd laat geld en het nou in die kommunisme 'n gevaarlike vorm gevind en 'n verkeerde koers geneem. En daar is volop aanleiding.**

„Nie alleen het die Russiese bolsjewisme homself opgewerp as 'n vriend van 'verdruktes' nie, maar die binnelandse politieke stryd wat nou al vir 150 jaar die blanke bevolking in ons land in twee strydende kampe hou, verskaf daardie gistende atmosfeer waarin agterdog en haat teen die blanke as sodanig noodwendig moet groei. **As die gekleurde bevolking in ons land die helfte moet glo van die dinge wat ons blankes van mekaar in koerante en van die openbare verhoog daagliks sê, dan kan hulle van ons en ons soort geen heil verwag nie. Dink maar aan die kokende propaganda rondom elke stembus, waarby die nie-blanke element maar altyd as bondgenoot of teenstander bygehaal word — meestal misbruik word as 'n magsfaktor vir die een blanke teen die ander.**

## FOUTE

„Hier word die dwaasheid gewreek aan sy kinders, en steeds meer wil die gevoel ons oormeester dat ons, in die lig van alles wat binne en buite ons land plaasvind, maar net moet verwag wat nou gebeur— en niks anders nie. Immers, nie alleen is ons optrede in meer as een opsig verkeerd nie; ook die veronderstellings waarvan ons uitgaan ten opsigte van die inboorling is uiters aanvegbaar, om die minste maar te sê. Aan die een kant is daar diegene wat van die Bantoe en Kleurling die hoogste

(vervolg van vorige kolom)

prestasie aan arbeid en toewyding verwag en terselfdertyd hom behandel soos 'n absolute minderwaardige; aan die ander kant weer word hy behang met al die voorregte en vryhede van 'n eeue-oue Westerse en in wese Christelike beskawing, terwyl vergeet word dat sy ware wese daarmee nog nie verander word nie; met uitwendige behangsels, ontleen aan 'n Christelike beskawing, word hy getooi, terwyl in sy hart die heiden voortlewe. Die diepgrypende eis wat Jesus eenmaal aan Nikodémis gestel het, dat hy eers weer gebore moet word as hy die koninkryk van God wil sien, word nie meer nodig geag vir die gekleurde mens van die twintigste eeu nie: **hy word beskaafd maar nie gekersten nie; sy bors word gedekoreer, maar sy inbors word nie geadel nie; die noue pad van die Christendom word vermy en die breë weg van 'n uitwendige beskawing as verlossingsweg aangewys."**

# BRITTE VIES VIR „VREEMDELINGE"

**Britse immigrante in Australië het tot muitery oorgegaan omdat hulle saam met „vreemdelinge" gehuisves is in die tehuise vir immigrante. Hulle het geweier om losies te betaal en het betogings in die straat gehou.**

Hulle verklaar dat hulle beswaar het om saam te eet met „vreemdelinge" en dat die Italiane na Britse meisies kyk. Die Australiese regering skryf die moeilikheid toe aan kommunistiese opruiing.

Australië het hom in die afgelope jare toegelê op grootskaalse immigrasie uit nie-Britse lande, en blykbaar is die Britte van Home gebelg hieroor en word hul ontevredenheid uitgebuit deur kommunistiese agitators.

# Republieke Het Beste Stelsel in Wêreld gehad

**„Die Boere-republieke in die noorde was nie alleen die trotse skepping van 'n eie nasie nie, maar vir die tydsgewrig waarin hulle bestaan het, so doeltreffend dat die groot Britse kenner van konstitusionele reg, lord Bryce, hulle beskryf het, wat hulle aard, samestelling en werking betref, as die interessantste en beste van alle staatkundige vorms wat hy in die geskiedenis van die wêreld se volke teëgekom het," het mnr. J. G. Strydom, minister van lande, in Johannesburg gesê toe hy as feesredenaar opgetree het by geleentheid van die herdenking van die Ossewatrek deur die A.T.K.V. in 1938.**

**„Hierdie republieke het ongelukkig die Britse imperialisme en hebsug ten prooi geval, maar ek is daarvan oortuig dat die republikeinse staatsvorm soos die simboliese Feniks eendag weer uit die as van die verlede sal verrys met die nodige veranderings om aan te pas by die veranderde omstandighede van ons land.**

„Maar dan sal dit wat dit simboliseer nie meer net die trotse besitting wees van ons, die Afrikaanssprekendes nie, maar van die hele blankedom in Suid-Afrika.

„Aan die voorgeslagte kan ons rapporteer dat in teenstelling met lord Milner se doelstelling en verwagtings die Afrikanervolk en sy taal nie na 1902 vernietig geraak het nie maar inteendeel geweldig in krag toegeneem het. Dat ons ekonomies op alle terreine geweldig ontwikkel het en dat hy ook besig is om sy plek in te neem in die handels-, nywerheids- en beroepswêreld en nie hoofsaaklik tot boerdery beperk is soos die geval eers was nie.

## KERKLOOS

„Met diepe teleurstelling sal ons moet rapporteer dat ons volk wat feitlik in sy geheel 'n godsdienstige volk was, met die kerk en alles wat kerk beteken het as middelpunt van ons volkslewe, dit vandag nie meer in dieselfde mate die geval is nie. **Dit is 'n uiters gevaarlike verskynsel vir ons Afrikaners omdat die ondervinding geleer het dat verreweg die meeste gevalle waar Afrikaners hulle van hul godsdienstige en kerklike ankers losgemaak het en daarom in daardie verband hulle van hulle volk losgemaak het, ook langsamerhand op ander terreine verlore geraak het sodat hulle uiteindelik heeltemal los en vervreem staan.**

„Ons voorgeslagte stuur aan ons die roepstem uit die graf om getrou te bly aan die ideale waarmee hulle besiel was en waarvoor hulle hul lewens gegee het om die godsdienstige fondamente te handhaaf en te hou."

# Empire-Konferensies

(Vervolg van bl. 2 kolom 5)

dels-samesprekings. Hy word vergesel van die Minister van Landbou en Bosbou. Hul gesamentlike koste is £1,263; die Minister van Justisie na die V.S.A. om die V.V.O.-vergadering by te woon teen 'n koste van £19,061; en die Minister van Justisie na Australië om die vredeskonferensie in Canberra by te woon teen 'n koste van £370.

Die V.P.-ministers het derhalwe in 1947 agt reise onderneem teen 'n koste van £70,198. Een was 'n spesiale reis wat vereis is deur die pasafgelope oorlog en twee was na spesiale handelskonferensies en het gesamentlik amper £50,000 gekos.

### *Empire-Konferensies volop*

In 1951 het die Minister van Arbeid Brittanje, Europa en Egipte besoek in verband met arbeidsaangeleenthede teen 'n koste van £3,515; die Minister van Landbou aan Australië om die jubileum-feesvierings by te woon teen 'n koste van £1,183; die Minister van Ekonomiese Sake aan Brittanje om die Empire-konferensie van ekonomiese ministers by te woon teen 'n koste van £3,038; die Minister van Binnelandse Sake na Frankryk om die sesde sitting van die V.V.O. in Parys by te woon teen 'n beraamde koste van £11,000; die Minister van Verdediging na Brittanje om die Empire-konferensie van verdedigingsministers in Londen by te woon teen 'n koste van £3,750; die Minister van Verdediging na Kenia om die Empire-konferensie oor verdediging in Nairobi by te woon teen 'n koste van £3,750; die Minister van Vervoer na Kenia om die Empire-konferensie oor Verdediging in Nairobi by te woon teen 'n koste van £297.

In 1951 het die N.P.-ministers derhalwe sewe reise onderneem teen 'n koste van £26,533. Vier van die reise was na Empire-konferensies.

### *Sewe teen Een — in die Guns van die N.P.*

Gedurende die drie jare waaroor ek gegewens verstrek het, het die V.P.-ministers sewentien reise onderneem — een na 'n Empire-konferensie; drie in verband met die pasafgelope oorlog; twee na wêreld-handelskonferensies en die res gewone amptelike reise.

Gedurende die vergelykende drie jare van die Malan-bewind het N.P.-ministers een-en-twintig reise onderneem—sewe na Empire-konferensies; twee op geheime militêre sendings en die ander gewone amptelike reise.

Nou moet my leser uit Wellington vir my skryf om te sê wat sy reaksie is oor die gegewens wat ek verstrek het.


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

**BETREKKING VAKANT**

Motorwerktuigkundiges gevra. Skryf aan: VERMAAK SE MOTORHAWE, Posbus 54, Patensie, K.P. 5/11/4B

**MEUBELS**

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

**RADIO**

**LOUW EN LOUW**, die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

**HORLOSIES EN BRILLE**

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

SANLAM

**BIED UITKOMS AAN ELKEEN**

Dit is in tyd van nood
dat 'n mens jou eie mense soek
Dit is in tyd van nood
dat 'n mens jou eie mense vind
by

**SANLAM**

*die grootste Afrikaanse Lewensversekeringsmaatskappy*

HOOFKANTOOR:
WAALSTRAAT 28.... KAAPSTAD.

*Takke en agentskappe deur die hele Suidelike Afrika.*

S/ALG1

**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

**GEHOORAPPARAAT**
**OOK IN VOORRAAD**

**Die Voortrekker-Apteek**

**Kerklaan, KAAPSTAD**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN**

**Besoek ons of skryf om besonderhede**



**Kommando**

**Beter Tabak maak Beter Sigarette**




G1-3092A

# STALIN SE PAD LÊ NOG OOP IN EUROPA

**Die ineenstorting van die mooi prentehuis met al die bonte uniforms daarin wat die Westerse moondhede in Lissabon met soveel fanfaremusiek opgerig het, word tans algemeen erken. Die prentehuisies was maar net uit papierbeloftes saamgestel en die bontheid van kleur kon nie vergoed vir die gebrek aan fondament nie.**

**Op 29 Augustus het die U.S. News & World Report — 'n koerant wat digby die Pentagon staan — sy alarmistiese artikel onder die opskrif: „Stort die Europa-leër in Duie?" bevat. En selfs die onsydige Weltwoche van Zurich moes op 15 Augustus toegee: „Eisenhower se grootste triomf sedert die einde van die oorlog, die konferensie van Lissabon, openbaar hom nou as 'n mislukking.**

## Deur dr. Otto Strasser

„Maar van al hierdie skone beloftes het so goed as niks tereg gekom nie . . Sy opvolger aan wie hy die voleinding van 'n ondankbare opdrag oorgelaat het, moes homself daarmee tevrede stel om nuwe planne te bedink en om die bydrae vir die Atlantiese Leër af te ding, waarvan mens op sy beste nog maar net kan sê dat dit in wording is. **Omtrent nêrens in Europa word daar voorasnog ernstig gewerk aan die organisering van strydmagte nie, en dit lyk steeds meer asof men in die volgende maande niks meer kan verwag as hoogstens die afhandeling van nuwe konferensies waar ook nie verder as woorde gevorder sal word nie."**

Dit alles het ons voorspel reeds by ontvangs van die eerste berigte oor die Lissabon-konferensie — en daarvoor was geen profetiese gawe nodig nie, dog slegs 'n duidelike insig in die feite. **Want die ineenstorting van die Atlantiese Verbond is maar net die gevolg van die onrealistiese beleid wat Washington sedert die oorlog in Europa gevolg het, waar die kaartehuis uit Amerikaanse dollars saamgestel is wat gestut is deur Amerikaanse divisies en Amerikaanse oorlogsmateriaal.**

### BROSE PILARE

Iedere nugtere betragting van die drie Europese pilare van die Atlantiese Verbond — Frankryk, Italië en die Benelux-lande — sowel as die tans aanvaarde vierde pilaar, Wes-Duitsland, toon dat hierdie pilare bros en verrot is en dat enige bouwerk daarop gevolglik in duie moet stort sodra die eerste stamp kom. Laat mens jou maar net enige van hierdie lande voorstel sonder die ingepompte Amerikaanse dollars en, veral wat Duitsland betref, die aanwesigheid van honderduisende Amerikaanse en ander vreemde troepe! Dit stel dadelik die broosheid van die Amerikaanse buitelandse beleid aan die kaak ten spyte van die propaganda van 'n dienstige pers.

### MILJARD DOLLAR PER DIVISIE

**Militêr blyk dit dat dieselfde Frankryk wat — soos die bekende Britse militêre skrywer Biddell Hart in sy pasverskene boek „The Other side of the Hill" tydig aantoon — in 1939 teen Hitler 110 slagvaardige divisies gemobiliseer het, tans, volgens U.S. News and World Report, „vyf gedeeltelik toegeruste divisies" vir die verdediging van Europa teen Stalin op die been gebring het! Aangesien Frankryk sedert die einde van die oorlog alleen meer as 6½ miljard dollar van Amerika ontvang het, kos elkeen van hierdie vyf divisies dus die Amerikaanse volk 1¼ miljard dollar. Aan Italië word deur dieselfde blad vier „gedeeltelik toegeruste" divisies toegeskryf, wat beteken dat elke Italiaanse divisie die Amerikaanse belastingbetalers ongeveer een miljard dollar gekos het. Die Benelux-lande, België, Holland en Luxemburg (laasgenoemde met sy bevolking so groot soos die helfte van die stad München) het volgens die Amerikaanse blad, drie divisies, wat „gedeeltelik toegerus en opgelei" is, wat beteken dat elke divisie 1½ miljard dollar gekos het om op te rig. Vir die een divisie waarmee Noorweë en Denemarke gekrediteer word as bydrae tot die Europa-leër, moes die Amerikaanse volk byna 2 miljard dollar betaal.**

### SONDER MORAAL

Nog belangriker is die politieke en morele toestand van hierdie lande. Ons kan maar net daaraan herinner dat dieselfde gesag wat eens onder leiding van die „goeie Europeër" Spaak deur middel van revolusie oor die konserwatiewe elemente getriomfeer het, die algemene dienspilg afgeskaf het, en dat die Hollandse leër by geleentheid van 'n parade ter ere van Eisenhower gemuit en sy Hollandse bevelhebber uitgelag het, sodat die parade opgebreek is. **Die binnelandse politieke en morele toestand van die Benelux-lande maak dit onwaarskynlik dat daar 'n mobilisering deurgevoer sal kan word en maak dit gewis dat Holland en België in so 'n geval nie 'n dag langer teen Stalin sal uithou as wat hulle teen Hitler geveg het nie. (Die Hollandse leër het op die vyfde en die Belgiese leër op die sewentiende dag oorgegee.)**

### FRANKRYK 'N GEBROKE RIET

In verband met die toestand in Frankryk het daar intussen so 'n insiggewende berig van goedingeligte kant gekom dat mens dit maar net kan aanhaal. In die September-uitgawe van die beroemde Engels-Amerikaanse blad Intelligence Digest word die ware toestand in Frankryk vir die eerste maal geteken. Die blad skryf woordeliks:

„Ongelukkig is daar sterk magte binne Frankryk aan die werk wat ernstige bedenkinge aangaande sy toekomstige rol laat onstaan. **Daar kan nie op hom gereken word as 'n hegte lid van die Atlantiese Verbond nie.** Baie mag dit beskou as 'n oordrewe stelling, dog die waarheid is dat indien die Atlantiese Verbond ooit tot aksie opgeroep word, ons 'n heeltemal ander Frankryk sal sien as dié wie se teenwoordigheid ons nou so waardeer in ons rade waar die besprekings net oor teoretiese sake gaan . . . Die slotsom hiervan is dat Brittanje en Amerika, wat 'n groot voorliefde vir Frankryk het nie moet toelaat dat daardie gevoel hul oordeel en militêre beplanning laat binvloed nie. **Die militêre vermoë van Frankryk is feitlik nul, en dit is uiters onwaarskynlik dat dit ooit weer tot iets sal kom . . . Intussen sal dit 'n fout wees om aan te neem dat 50 of selfs 20 Franse divisies ooit tussen die beskawing en slawerny sal staan, want hulle sal eenvoudig nie daar wees nie."**

### ITALIË DALK ROOI

Wat Italië betref, gee hierdie beste inligtingsbron in die wêreld die volgende weergawe: „Ten regte of ten onregte, vertroue in De Gasperi het gekwyn . . . Die Kommuniste is sterker as wat hulle voorkom. Togliatti se masjien is sterker

(Vervolg in kolom 4)

(Vervolg van vorige kolom)

en doeltreffender as vier jaar gelede. Die morele oorwinnaars in die jongste verkiesing was die Monargiste en die MSI (die Italiaanse Sosiale Volksbeweging). Die toekoms van Italië is onseker. **Daar bestaan 'n groot gevaar van 'n geleidelike beweging in die rigting van kommunistiese beheer. Indien dit gebeur, sal dit allerbelangrikste strategiese planne in gevaar stel, en 'n eersterangse oorwinning vir Rusland wees.**

### TEEN NASIONALISME

Intelligence Digest wys daarop dat die regerings van Rome en Parys die konserwatiewe elemente van die volk in hul stryd belemmer indien nie beveg nie. **Hier lê die grond vir die innerlike swakheid van die hele Europese beleid van Washington: dat Washington hom bewus teen die nasionale magte stel, sowel in Spanje as in Frankryk en Italië, en regerings ondersteun wie se gedweeheid teenoor Washington net so groot is as wat hul aansien in die oë van hul eie volke gering is.**

Dit geld bowe-al vir Duitsland, waar elke koerant, elke party en dus elke regering wat uit die partye voortvloei, 'n lisensie van die besettingsmagte moet hê. Stel jou die toestand voor wanneer daar nie 500,000 swaar gewapende besettingstroepe staan nie en die Duitse volk werklik self sy bestuur kan aanwys. **Die geslepe verkiesingswette van Bonn, Rome en Parys mag daarin slaag om die Amerikaanse politici sand in die oë te strooi, maar hulle sal nie die Amerikaanse generaals help om die ontbrekende divisies tevoorskyn te tower nie. En hierdie divisies sal ontbreek solank die nasionale elemente in daardie lande onderdruk word.**



# OPROEP AAN REPUBLIKEINE

**Dit is noodsaaklik dat elke Republikein onmiddellik begin en voortgaan om intekenare te werf op Die Republikein.**

**Dit is 'n ereplig teenoor die Republiek wat elkeen — sonder uitsondering — moet nakom.**

**U, ja u, word derhalwe dringend opgeroep om deel te neem aan die veldtog van intekenaarswerwing.**

**Skryf aan Die Sekretaris, Die Republikein, Posbus 1411, Kaapstad, vir intekenvorms, en — woel!**

*Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!*

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

*Werwers vir*

# DIE REPUBLIKEIN

***Die Republikein* wil graag een of meer amptelike intekenaarwerwers hê in elke dorp en distrik. Persone wat bereid is om hierdie noodsaaklike diens te verrig, moet asseblief dadelik met *Die Republikein*, Posbus 1411, Kaapstad, in verbinding tree vir die nodige magtiging.**

***'n Kommissie van 2s. 6d. sal betaal word ten opsigte van elke intekenaar wat vir 'n jaar (volopbetaal) gewerf word.***

**Hier is 'n kans vir studente om 'n hele paar pond sakgeld te verdien!**

***SKRYF DADELIK!***

*Het u al gedink aan 'n mooi*

# KERSGESKENK ?

**WATTER GESKENK LÊ DIE NAASTE AAN ELKE AFRIKANER SE HART?**

*Bo alle ander dinge*

DIE REPUBLIEK

*Vanjaar kan U dit aan 'n vriend* SKENK

**LEES HIER** ⟶

**Vanaf 14 Januarie 1953 sal Die Republikein, voorloper van die Republiek, weekliks verskyn. Dis 'n onafhanklike koerant wat slegs die strewe van elke republikeinse Afrikaner sal bevorder. Intekengeld net 15/- per jaar of 7/6 vir ses maande.**

**Vul NOU meegaande opdrag in en skenk hierdie Kersfees die Republiek aan u vriende.**

**OPDRAG**

**Die Sekretaris, DIE REPUBLIKEIN, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

Ek sluit .................................... in om

**Die Republikein** vir ........ maande te stuur aan:

Naam ..............................................

Adres ..............................................

..............................................

..............................................

Pos kwitansie aan bogenoemde en heg netjiese kaartjie aan om te sê dat dit 'n Kersgeskenk is van my.

..............................................

Naamtekening



„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.